Hoe om eenvoudige tuisgemaakte musiekinstrumente te maak

Maak saamsing lekkerder deur musiekinstrumente te gebruik as daar gesing word. Kinders leer ritme hou en groter groepies sing makliker saam. Met “musiek” sing die skaam kind ook lekkerder saam. Gebruik dit vir verskillende ouderdomsgroepe se sangspesialisasies.

? Stappe

1. Vir ratels of skudgoed benodig jy enige grootte houertjie met ’n deksel, byvoorbeeld pilbotteltjies, pilboksies, blikkies, ensovoorts. Gooi verskillende groottes sade, mieliepitte, rys, *noodles*, metaal-koeldrankproppies, klippies, ensovoorts daarin.

2. Kap ’n gaatjie deur die metaalproppies en ryg dit aan ’n stuk hoederek om aan jou polse of enkels te sit wat ratel as die arms geskud word of die voete gestamp word.
3. Tromme: enige grootte koffieblik met ’n plastiekdeksel werk baie goed. Jy kan daarop slaan met jou hande, houtlepels of stokkies.
4. Twee lang metaalspykers kan teen mekaar geslaan word.
5. Simbale : Slaan groot blikdeksels teen mekaar. Maak gaatjies om touhandvatsels aan te sit.
6. Slaan houtblokkies teen mekaar.
7. Hang verskillende groottes lepels aan ’n vislyn en slaan met ’n ander lepel.
8. Plak twee papierborde opmekaar en versier. Maak gaatjies om die rand. Ryg koeldrankproppies aan toutjie deur die gaatjies. Dit maak ’n lekker tamboeryn.
9. Neem ’n skoendoos met ’n deksel. Sny ’n gat in die deksel. Plaas vier verskillende diktes rek oor die gat (in die lengte). Plaas nou aan elke kant van die gat ’n potlood onderdeur die vier rekke. Jy het nou ’n eie tuisgemaakte kitaar.
10. Gooi in agt glase van dieselfde grootte water. Begin met ’n bietjie in die eerste glas en meer in elke daaropvolgende glas. Slaan met ’n lepel teen die glas. Luister na die klank. Deur meer of minder water in te gooi sal jy verskillende note kry. So maak jy jou eie xilofoon.

☺ Wenke

1. Gebruik enige afvalmateriaal.
2. Moenie te veel tromme hê nie.
3. Sorg dat elke spanlid ’n instrument het. Dit is goed dat daar verskillende tipes instrumente is.

☠ Waarskuwings

1. Pasop vir skerp goed soos byvoorbeeld blikke se rande en spykers.